Staatskoerant 24165 – Vol 450 – 13 Desember 2002

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Nr 1589, 13 Desember 2002

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, WET 84 VAN 1996

REGULASIES OOR DIE VERBOD OP ONTGROENINGSPRAKTYKE IN SKOLE

Ná oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers gee die Minister van Onderwys hiermee ingevolge artikel 61(f) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), saamgelees met die aanhef tot die Suid-Afrikaanse Skolewet en ter nakoming van artikel 4(3) van die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (Wet 3 van 2000), kennis van die Regulasies oor die Verbod op Ontgroeningspraktyke in Skole, soos dit in die bylae vervat is.

PROFESSOR KADER ASMAL LP
MINISTER VAN ONDERWYS

BYLAE

Toepassingsbestek

1. Hierdie regulasies geld vir alle openbare en onafhanklike skole.

Omskrywings

2. Enige woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis in die Wet toegeken is, sal in hierdie regulasies ook daardie betekenis hê, tensy uit die samehang anders blyk:

‘Aanranding’ beteken die onwettige en opsetlike:
(a) gebruik van geweld, hetsy direk of indirek, teenoor ’n ander persoon; of
(b) dreig van ’n ander persoon met onmiddellike persoonlike geweld in omstandighede wat die bedreigde persoon oortuig dat die ander voornemens is of oor die mag beskik om die dreigement uit te voer.

‘Beskerm’ beteken die handeling om ’n persoon of voorwerp teen huidige of toekomstige verlies, skade of besering te beskerm.

‘Crimen iniuria’ beteken die onregmatige en opsetlike skending van ’n ander se waardigheid of privaatheid in omstandighede waar sodanige geweld nie van ’n onbeduidende aard is nie.

‘Groepsdruk’ beteken die invloed:
(a) waaronder ’n leerder druk van ’n ander leerder ervaar om op te tree of nie op te tree nie, of deel te neem of nie deel te neem nie aan ’n aktiwiteit ten einde nie verstoot te word nie; en

Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.

(b) waaronder ’n leerder nie ná ontgroening na vore sal kom nie uit vrees vir viktimisasie.

‘In loco parentis’ beteken optrede in die plek van ’n ouer wat die toesig oor en sorg van sy/haar kind gedurende gewone binne- of buitemuurse skoolaktiwiteite aan ’n opvoeder of ander persoon toevertrou het. (Bladsy 6, Staatskoerant 24165, 13 Desember 2002)

‘Intimidasie’ beteken enige optrede deur ’n persoon met die bedoeling om ’n bepaalde persoon oor te haal of te dwing om enige handeling uit te voer of na te laat, of om ’n bepaalde standpunt in te neem of te laat vaar, deur middel van:
(a) aanranding, besering of skade van/aan daardie persoon of enige ander persoon; en
(b) dreigemente om daardie persoon of enige ander persoon te vermoor, aan te rand, te beseer of vir hom/haar skade te veroorsaak.

‘Krenking’ beteken enige gedrag met die doel om ’n ander persoon te verneder en verlies van respek of aansien in die skoolgemeenskap te veroorsaak.

‘Ontgroeningspraktyk’ beteken enige optrede wat in die proses van ontgroening of affiliasie by, toelating tot, of as voorwaarde vir voortgesette lidmaatskap van ’n skool, groep, binne- of buitemuurse aktiwiteit, tussenskoolsportspan of organisasie:
(a) die geestes- of fisiese gesondheid of veiligheid van ’n persoon bedreig;
(b) die inherente waarde van mense wil ondermyn deur iemand anders as minderwaardig te behandel;
(c) individue aan vernederende of gewelddadige optrede onderwerp wat die grondwetlike waarborg van menswaardigheid in die Handves van Regte ondermyn;
(d) die fundamentele regte en waardes ondermyn wat in die Grondwet verskans is;
(e) die ontwikkeling van ’n ware demokratiese kultuur belemmer wat ’n individu daarop geregtig maak om met respek en sorg behandel te word; en
(f) openbare of privaat eiendom vernietig.
Enige aktiwiteit, ongeag die benaming, buiten die wat in regulasie 3.5.4 genoem word en ’n soortgelyke uitwerking en oogmerk as ontgroening het, word as ’n ontgroeningspraktyk beskou.

‘Teistering’ beteken vyandige of aanstootlike optrede teenoor ’n redelike mens wat redelikerwys met ’n individu se werk, akademiese prestasie of sosiale lewe inmeng, en enige gedrag wat tot die ondermyning van ’n individu se integriteit of waardigheid lei. Sodanige gedrag kan ’n redelike persoon ongemaklik, onveilig, bang en verleë laat voel, en kan fisies, mondeling óf niemondeling wees. Die gemeenskaplike element is dat die gedrag onwelkom is vir enige redelike persoon en nie deur ’n persoonlike of familieverwantskap geregverdig kan word nie.

‘Vernedering’ beteken enige woord of daad wat ’n ander sy/haar selfrespek of ander mense se respek laat verloor.

Beginsels en waardes

3. Die aanhef tot die Wet vereis dat die regte van leerders, ouers en opvoeders gehandhaaf word, en dat ál voormelde partye in vennootskap met die staat verantwoordelikheid vir die organisasie en beheer van skole aanvaar. Sodanige regte sluit die volgende in, dog is nie daartoe beperk nie:

Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.

3.1 Niediskriminasie en gelykheid

Geen persoon mag onbillik teenoor ’n leerder diskrimineer nie. Alle leerders sal gelyke behandeling voor die reg ontvang, en sal gelyke beskerming en voordele ingevolge die reg geniet.

3.2 Privaatheid, respek en menswaardigheid

3.2.1 Elke leerder het die reg op privaatheid, wat insluit die reg om nie sy/haar persoon of eiendom te laat deursoek of op sy/haar besittings te laat beslag lê nie. Desondanks kan die skoolhoof of ’n opvoeder leerders deursoek op grond van ’n redelike vermoede dat die leerder in besit van ’n onwettige voorwerp is, met behulp van deursoekingsmetodes binne redelike perke.

3.2.2 Elke leerder het ’n reg op waardigheid, en het die reg op respek vir sy/haar menswaardigheid. Die erkenning van die reg op menswaardigheid is ’n erkenning van die inherente waarde van mense. Dít impliseer wedersydse respek, wat respek vir mekaar se oortuigings en kulturele tradisies insluit.

3.3 Niegeweld en persoonlike vryheid en sekuriteit

3.3.1 Elke leerder het die reg op vryheid en sekuriteit van sy/haar persoon, wat insluit die reg om vry te wees van alle vorme van geweld of aanranding, en om nie op ’n wrede, onmenslike of vernederende manier behandel of gestraf te word nie.

3.3.2 Leerders het die reg om nie alleen opgesluit of aangehou of van veilige omgewings uitgesluit te word nie.

3.4 Beskerming teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of krenking

Elke kind het die reg om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of krenking beskerm te word. Alle toepaslike sosiale en opvoedkundige maatreëls moet getref word om die kind teen alle vorme van fisiese of geestesgeweld, -besering of -misbruik; verwaarlosing of verwaarlosende gedrag, en mishandeling of uitbuiting, wat seksuele misbruik insluit, te beskerm terwyl die kind in die sorg verkeer van enige persoon wat in loco parentis optree.

3.5 Skoolomgewing en -dissipline

3.5.1 Eiendomsekuriteit; persoonlike sekuriteit; goed onderhoue skoolgeriewe, -meubels en -toerusting; toiletgeriewe, en die afwesigheid van teistering gedurende klasbywoning, die aflê van toetse en eksamens, en die deelname aan buitemuurse aktiwiteite en sport skep alles ’n bevorderlike atmosfeer vir onderrig en opleiding. Alle partye is verantwoordelik om so ’n omgewing in stand te hou.

3.5.2 Dissipline moet in die skool en die klas gehandhaaf word ten einde te verseker dat leerderonderrig sonder ontwrigtende gedrag en oortredings plaasvind. Die Wet stel skoolowerhede in staat om leerders te dissiplineer, maar dit is onwettig om hierdie bevoegdheid aan leerders oor te dra.

3.5.3 Leerders is verantwoordelik om te leer en hul eie potensiaal te verwesenlik én ander leerders toe te laat om ook húlle volle potensiaal ongestoord te bereik.

3.5.4 Skole word aangemoedig om positiewe oriëntering te onderneem wat ’n proses behels om leerders aan hul nuwe akademiese omgewing bekend te stel op ’n manier wat menswaardigheid beklemtoon namate leerders geadviseer, gelei en afgerig word. Hierdie proses konsentreer op selfdissipline, selfmotivering en selfrespek sowel as akademiese en sportprestasies.

Verbode ontgroeningspraktyke

Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.

FEDSAS

4.1 Geen skoolhoof, opvoeder of leerder mag enige optrede of praktyk toelaat of aan deelneem wat ontgroening behels of tot die vernedering, krenking, teistering, aanranding, crimen iniuria, intimidasie of mishandeling van leerders lei of bydra nie.

4.2 Daar behoort ’n verhouding van wedersydse vertroue en respek tussen leerders sowel as tussen leerders en opvoeders te wees. Viktimisasie van die een deur die ander is onaanvaarbaar, en groepsdruk kan nie as ’n regverdiging van deelname aan viktimisasie beskou word nie.

4.3 Die verteenwoordigende raad van leerders behoort die belange en standpunte van ál die leerders te verteenwoordig en behoorlike leerdergedrag te bevorder. Tog het geen leerder die reg of gesag om ander leerders te straf nie.

4.4 Leerders behoort teen mishandeling deur volwassenes of ander leerders beskerm te word, en leerdergedrag moet vry wees van enige geweld en met die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid strook.

Verantwoordelikhede van skoolhoofde en beheerliggame

5.1 ’n Skoolhoof moet verseker dat geen ontgroeningspraktyke in sy/haar skool, met inbegrip van koshuise, of gedurende enige skoolaktiwiteite weg van die skoolperseel plaasvind nie. Die hoof moet stelsels gereed kry om leerders aan te moedig om sodanige praktyke onder sy/haar aandag te bring en te verseker dat sodanige leerders nie aan viktimisasie blootgestel word nie. Die Departementshoof moet verseker dat elke skool in sy/haar provinsie oor sodanige stelsels beskik binne ’n jaar ná inwerkingtreding van hierdie regulasies.

5.2 Die skoolhoof, as hoof van die instelling ingevolge artikel 16(3) van die Wet, het ’n hoofverantwoordelikheid om te verseker dat leerders nie aan crimen iniuria, aanranding, teistering, mishandeling, krenking, vernedering of intimidasie deur opvoeders of leerders blootgestel word nie, en moet leerders teen sodanige praktyke beskerm. ’n Skoolhoof moet ook redelike stappe doen om te verseker dat sodanige praktyke nie deur groepsdruk veroorsaak word nie.

5.3 ’n Dissiplinêre stelsel berus op menswaardigheid, en respek en bedagsaamheid teenoor ander, en nie op vrees of aanranding nie. Uit hoofde van hul loco parentis-status is opvoeders verplig om na leerders om te sien en hulle teen geweld te beskerm.

5.4 Indien enige ontgroeningspraktyke of -handelinge deur die optrede van leerders plaasvind, moet die skoolbeheerliggaam, synde die owerheid wat vir leerderdissipline verantwoordelik is, toepaslik ingevolge artikel 8 van die Wet of ’n gedragskode optree om sodanige praktyke te voorkom en leerders daarteen te beskerm.

5.5 Indien enige ontgroeningspraktyke of -handelinge in ’n skool plaasvind en personeellede daarby betrokke is of dit toelaat, of versuim om die nodige voorsorg te tref om sodanige praktyke te voorkom, moet die werkgewer ingevolge toepaslike wetgewing dissiplinêr teen sodanige oortreders optree.

Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.

FEDSAS

Verantwoordelikhede van opvoeders

6.1 Opvoeders moet die regte van leerders, soos wat in klousule 3 beoog word, beskerm, bevorder en respekteer.

6.2 Elke opvoeder is verantwoordelik om die skoolbeheerliggaam met dissipline by die skool en gedurende skoolverwante aktiwiteite by te staan.

6.3 Elke opvoeder is verplig om die optrede van leerders te beheer wanneer sodanige optrede ander of die leerders self kan beseer, of die regte van ander leerders of opvoeders kan skend. Opvoeders moet, waar nodig, redelike maatreëls tref om te keer dat ’n leerder hom-/haarself of ander beseer.

6.4 In gevalle waar ’n leerder nie by die skool kan aanpas nie en waar sy/haar gedrag afkeurenswaardig is omdat dit ander se regte skend, is ’n opvoeder verplig om sodanige leerder na die skoolhoof te verwys en die leerder se ouers en die skoolbeheerliggaam daarvan in te lig.

6.5 ’n Opvoeder van die skool het dieselfde regte en pligte as ’n ouer om ’n leerder volgens die gedragskode te beskerm, te beheer en te dissiplineer terwyl die leerder skool bywoon of by enige skoolfunksie, skooluitstappie of skoolaktiwiteit betrokke is.

Kort titel en inwerkingtreding

7. Hierdie regulasies kan as die Regulasies oor die Verbod op Ontgroeningspraktyke in Skole aangehaal word, en tree op die publikasiedatum daarvan in werking.

Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.

FEDSAS